



**ASSESSMENT & EXAMINATIONS**

Bundy Park, Schornville, KWT \* Private Bag X 4571, KWT, 5600  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: [www.ecdoe.gov.za](http://www.ecdoe.gov.za)

## **NSC 2011 CHIEF MARKER'S REPORT**

|                |                                   |
|----------------|-----------------------------------|
| <b>SUBJECT</b> | <b>Afrikaans Huistaal (AFRHT)</b> |
|----------------|-----------------------------------|

|              |            |
|--------------|------------|
| <b>PAPER</b> | <b>(1)</b> |
|--------------|------------|

|                             |                        |                  |                     |
|-----------------------------|------------------------|------------------|---------------------|
| <b>DATE OF EXAMINATION:</b> | <b>2 November 2011</b> | <b>DURATION:</b> | <b>Twee (2) uur</b> |
|-----------------------------|------------------------|------------------|---------------------|

### **SECTION 1:**

#### **(General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)**

Dit is verblydend om te sien dat die leerders vir die eerste keer in baie jare die

*Begripstoets* bevredigend beantwoord het. Die gemiddelde persentasie is 60%.

Die *Opsomming* is goed beantwoord en hier was die gemiddelde persentasie 70%.

Die beantwoording van vraag 3 – die *Taalkunde* – laat egter veel te wense oor. Die gemiddeld

van 33% is 'n bewys dat leerders en leerkragte bitter min aandag aan taalleer in graad 12

gee.

Ten spyte van hierdie swak beantwoording van Vraag 3, is die gemiddelde vir die vraestel

51,4%.

*Die bostaande inligting is op 'n steekproef van 100 skrifte baser.*

As die leerders meer aandag aan taalkunde bestee het, kon die gemiddelde hoër gewees het.

## SECTION 2:

**Comment on candidates' performance in individual questions  
(It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).**

| <b>QUESTION 1</b>   |
|---|
| <b>(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?</b>                                  |
| <i>Vraag 1 was die Leesbegripvraag wat oor artikels en grafiese tekste gehandel het. Die vraag</i>  |
| <i>is goed beantwoord, veral omdat die denkvlakke van die vrae goed was. Dit het gemaak dat</i>   |
| <i>almal ten minste 40% maklik kon haal. Die middel-orde vrae het verseker dat hulle punte by</i>   |
| <i>die 60% kon uitkom.</i>  |
| <i>Die hoë-orde vrae was goed en geskik vir die skerper leerder.</i>  |
| <i>Dis verblydend dat die Begripstoets billik en regverdig was en die kandidate nie benadeel</i>  |
| <i>het nie.</i>   |
|   |
| <b>(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.</b> |
| <i>Die hoë-orde vrae (1.4.1, 1.14 en 1.21) het vir die gemiddelde- na onderpresteerder-leerder</i>  |
| <i>gekniehatter. Maar dit moet so wees!</i>   |
|   |
| <i>Daar is nie iets spesifieks nie, net 'n gebrek aan insig en om afleidings te maak en dit behoorlik te motiveer.</i>  |
| <i>Daar is ook met geïmpliseerde betekenis gesukkel omdat dié kandidate letterlik dink.</i>   |
| <b>(a) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning</b>   |
| <i>Wanneer Begripslees ingeoefen word, gee aandag aan afleidings en motiverings. Leer die</i>   |
| <i>kind om met die teks self te werk en nie sy / haar eie vae veralgemenings te gee nie.</i>  |
|   |
| <i>Lei hulle om geïmpliseerde betekenis onder die knie te kry en om statistiek met mekaar te</i>  |
| <i>vergelijk en sekere dinge daaruit af te lei.</i>   |
|   |
| <i>Stel die leerders aan 'n verskeidenheid tekste bloot.</i>  |

|   |
|---|
| <b>(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners</b>   |
| Baie kandidate gebruik nie aanhalingstekens as hulle uit die teks aanhaal nie en dit moet reggestel word.   |
|   |
| Voorts bly dit goeie praktyk om <i>Begripslees</i> se vrae in 'n goeie volsin te beantwoord.  |
|   |
| Wanneer een woord as antwoord gevra word, beteken dit één woord. Indien 'n kandidaat dit  |
| in sinsverband beantwoord, moet die gevraagde woord <u>onderstreep</u> word sodat die merker  |
| weet die leerder weet ook.  |
|   |
| <b>e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.</b>   |
| Gebruik vorige jare se Begripstoetse om dié vaardighede in te skerp. Vakadviseurs kan   |
| dalk 'n Begripsboekie saamstel wat in die matriekjaar inge oefen kan word.  |
|   |
| <b>QUESTION 2</b>   |
| <b>(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?</b>                                  |
| <i>Vraag 2</i> was die Opsommingvraag (LU 2 AS 2.15) waar leerders sewe tegnieke oor hoe om   |
| jou onderbewussyn te herprogrammeer sodat jy suksesvol kan wees, puntsgewys moes  |
| opsom. Die vraag is baie goed beantwoord en 'n gemiddelde van 70% is gehandhaaf.  |
|   |
| <b>(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.</b> |
| Diegene wat kleigetrapp het met die vraag, was diegene wat nie in volsinne opgesom het nie.   |
|   |
| <b>(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning</b>   |
| Maak dit baie duidelik aan leerders dat die opsomming – ongeag van die formaat, puntsgewys  |
| of paragraafvorm, in volsinne moet wees. Penaliseer hulle by u skole indien hulle frases of   |
| bepalings as antwoorde aanbied.   |
|   |
| <b>(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners</b>   |
| Dit was goed dat die eksaminatore 'n teks gekies het wat van toepassing was op hulle vlak.  |
| Sukses is tog iets waarna elke mens hunker.   |

|   |
|---|
| <b>(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.</b>  |
| Laat tyd toe vir die inoefening van die opsomming. Stel die leerders aan baie formate   |
| bekend en wys hulle op die belangrikheid van die woordtal.  |
| Dit is 'n goeie aanduiding dat 'n leerder nie bang hoef te wees om 'n goeie volsin te formuleer nie.  |
| <b>QUESTION 3</b>   |
| <b>(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?</b>                                  |
| Vraag 3 was die Taalvraag (LU 4 – al die As'e). Die vraag is baie swak beantwoord – 33% is  |
| die gemiddelde uit die steekproef. Dit is duidelik dat baie onderwysers dié aspek van die   |
| vraestel gruwelik afskeep.  |
| <b>(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.</b> |
| (3.1) Leerders kan nie die persoonsnaam aflei nie. Min leerders het by 'resensent' uitgekom.  |
| (3.3.2) Leerders het gesukkel om te verduidelik waarom die woorde 'elke' / 'gerus' oorredings-  |
| taal binne 'n sekere konteks is.  |
| (3.7) Leerders het die woordorde na voegwoorde vergeet.   |
| (3.11) Die basiese indirekte rede het steeds probleme opgelewer.  |
| (3.15) Leerders ken nie basiese idioome nie.  |
| (3.17) Baie leerders sukkel met geïmpliseerde betekenisse.  |
| (3.18) Baie leerders het nie 'n idee van visuele geletterdheid gehad nie.   |
| <b>(C) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning</b>   |
| Leerkragte behoort ten minste een lesuur elke twee weke aan Taalkunde af te staan.  |
| Hier kan die afgelope drie jaar se verslae se voorstelle (baie is herhalings) ingeef word.  |
| As die leerder elke twee weke hoor daar kom punte by afkortings, sal hulle dit dalk net toepas in 'n eksamen.   |
| 'n Metode wat met vrug deur baie leerkragte gebruik word, is om 10-punt klatoetsies te skryf,   |
| spesifiek met die oog op die fatale flaters wat leerders die afgelope drie jaar begaan het. Dit   |
| word dan somer 'n spontane verbeterings -en- regstellingsles.   |

|   |
|---|
| <b>(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners</b>       |
| 1. Leerders vergeet die laaste punt (o.l.v.) by afkortings.                                 |
| 2. By eenwoord-antwoorde (herinnerinkie) tel spelling.                                      |
| 3. Baie leerders skryf nog intensiewe vorme as twee woorde: Dit is net 'wawyd oop' wat      |
| twee woorde is – die res word almal as een woord geskryf. Selfs 'alombekend' is             |
| deesdae nie meer twee woorde nie.   |
| <b>e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.</b> |
| Gebruik ou Taalhandboeke (wat iewers in 'n boekekamer lê) om drilwerk te doen.              |

**SIGNATURE OF CHIEF MARKER:** \_\_\_\_\_



**SIYASEBENZISANA/ WORKING TOGETHER/ SAMEWERKING**  
*Quest for Excellence through high powered performance*

